

# FRONTLINIE GELOOF

Gee hoop om  
vervolgte **Christene**  
te herinner dat  
hulle nooit alleen  
is nie >>>

**Nooit alleen**-veldtog 

Staan saam met Vervolgde Christene in die Grootste Gevaar

**NOVEMBER**  
**2019**

Jy bring hoop vir swaar getrefde gelowiges in Sirië, bl. 2 | Wys jou familie in Christus: 'Jy is nooit alleen nie!' bl. 3 | Wêreldwaarnemingslys: Sirië, bl. 4 | V&A oor mans in die spervuur in Suidoos-Asië, bl. 5 | Help hulle om te weet dat jy by hulle staan, bl. 6-7



Verteenwoordigende foto gebruik

## Jy bring hoop vir swaar getrefde gelowiges in Sirië

Baie mense het uit oorlogvervalle Sirië gevlug, maar pastoor Abdallah het gekies om te bly en te dien, deur sy kerk in 'n Sentrum van Hoop te omskep.

Toe hy gevra is hoekom, verduidelik hy:

*"Families is verward oor hul toekoms. Hulle is sonder werk, hul huise is vernietig of beskadig. Daar is soveel uitdagings. Hulle is verward oor of hulle moet bly of gaan. Ons moet die Christene aanmoedig om in hierdie land te bly. As 'n kerk wil ons langs die mense staan en hulle help. Ons wil h beter toekoms sien."*

Te danke aan die steun van vennote soos jy, help Geopende Deure se projekte, soos die Sentrum van Hoop, om praktiese ondersteuning te voorsien aan swaar getrefde families, insluitende aktiwiteite vir hul getraumatiseerde kinders – "die generasie wat die seerste gekry het in hierdie oorlog," sê pastoor Abdallah. "Ons wil jong kinders sielkundig en geestelik ondersteun, versterk en hul help om die nuwe-effekte van die oorlog te oorkom."

Deur jou ondersteuning kan ons help met die voorsiening van voedselverspreiding, Engelslesse, evangelistiese Alpha-kursusse, huweliksopleiding, dissipelskap vir nuwe gelowiges, en vrouegemeenskaps-


byeenkomste en nog meer deur hierdie Sentrum van Hoop.

Ons langtermyn onderneming by Geopende Deure is om daar te wees vir die Kerk in Sirië, vir solank as wat hulle ons benodig, met al die steun wat hulle benodig. Hulle het nie tou opgegooi nie; en ons, hulle wêreldwye Kerkfamilie, moet ook nie.

### **Dit is een van die redes waarom ons nooit Alleen-veldtog geloods het.**

Ons wil saam met hierdie swaar getrefde gelowiges in Sirië staan, as ook al daardie Christene regoor die wêreld in die grootste gevaar. Lees meer op bladsy 6 en 7 oor hoe jy betrokke kan raak by die *Nooit Alleen-veldtog* hierdie somer!

Saam, as die Liggaam van Christus, kan ons baie van ons broers, susters, pa's, ma's, en kinders in Christus help om "met volharding die wedloop [te] hardloop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van [ons] geloof" (Hebreërs 12:1-2).

Dankie dat jy langs hierdie brawe gelowiges in Sirië staan sodat hulle kan weet dat ten spyte van hul omstandighede, Jesus hulle liefhet, en dat hulle nooit alleen is nie! 

# Wys jou familie in Christus: 'Jy is nooit alleen nie!'

Dis moeilik om h'n gelowige te wees wanneer almal teen jou is, selfs jou eie familie. Maar, saam, kan ons ons vervolgte broers en susters herinner dat hulle nooit alleen is nie.

Daarom loods ons hierdie maand ons *Nooit Alleen*-veldtog. En jy kan h'n belangrike rol daarin speel!

Ons wil hê dat dié veldtog nie net h' herinnering vir ons vervolgte familie sal wees nie, maar vir elkeen van ons om te weet dat ons nooit alleen is nie. En deur hierdie veldtog wil ons, ons wêreldwye familie in Christus toerus sodat hulle kan bly sterk staan.

## Wat kan ek verwag?

Oor die volgende drie maande sal ons jou voorstel aan van die mense in jou vervolgte familie.

In **November** sal ons jou voorstel aan jou beleërde pa's en broers – die **mans** van ons familie. Hulle is ons kerkleiers, leraars en dissipel-makers. Jy sal mans soos pastoor Abdallah ontmoet, helde in hul gemeenskappe en families. Jou ondersteuning kan hulle help omsien na hul families, kerke en gemeenskappe en om ander te dissipel.

In **Desember** sal die *Nooit Alleen*-veldtog jou die stories bring van die **kinders** van die vervolgte Kerk... die klein ligdraers in die Koninkryk. Hulle is ons seuns en dogters in die geloof.

En in **Januarie** sal ons fokus op die dogters van die Koninkryk – die **vroue** van die vervolgte Kerk: Jou ma's en susters in die geloof. Jou ondersteuning help hulle om te sorg vir hul families en om die Evangelie te verkondig.

Word deel van die *Nooit Alleen*-veldtog in gebed en steun om te "versterk wat oorbly" (Openbaring 3:2).

Besoek [www.neveralone.co.za](http://www.neveralone.co.za) vir meer.



**Nooit alleen**-veldtog 

Staan saam met Vervolgde Christene in die Grootste Gevaar



## SIRIË

RANG #11 | WWL TELLING 82

**Streek** Midde-Ooste

**2019 Wêreldwaarnemingslys**

#11 uit die top 50

**Bevolking** 18,284,000  
(net 4.5% is Christene)

**Meerderheidsgeloof** Islam

**Regering** Presidensiële Republiek

**Bronne van Vervolging**

Islamitiese onderdrukking en diktatoriale paranoia


### BID

- + Dank God dat kerkvennote van Geopende Deure in staat is om noodsaaklike hulp te verleen aan duisende families wat niks oor het nie, na jare se oorlog.
- + Vir beskerming vir gelowiges in Sirië, veral diegene vanuit h Moslemagtergrond omdat die versaking van Islam as h groot bron van skande gesien word vir die familie.
- + Dat vrede en stabiliteit herstel sal word in die land.



WÊRELDWAARNEMINGSLS

[www.opendoors.org.za/afr/wwl](http://www.opendoors.org.za/afr/wwl)



Sedert 2011, is Sirië in h burgeroorlog verwissel. Die vloed van buitelandse djihadiste vegters, en die Islamitiese Staat se beheer in 2014 het bygedra tot die vervolging van Christene. Alhoewel die Islamitiese ekstremiste sedertdien beheer verloor het, forseer hulle steeds Christene in sommige gebiede om beskermingsgeld te betaal, om streng drag en dieet reëls te volg, en word gelowiges verbied om hul gelow in die openbaar te betuig.

Sommige kerkleiers is teikens vir ontvoering. Gelowiges vanuit h Moslemagtergrond ervaar teëstand van hul gemeenskap en families, en dit is onwettig vir Christenbekeerlinge om te trou.

Ten spyte van die risiko's het baie Christene en kerkleiers gekies om in Sirië te bly om hul gemeenskappe te dien terwyl die burgeroorlog voortsloer.



Jou ondersteuning help jong Siriërs om hoop vir die toekoms te vind, deur te weet dat hulle nooit alleen is nie.

**Mohd Hassan\* in Suidoos-Asië is 'n voormalige Moslem wat 'n Christen geword het.**

Toe sy vyf broers hom wou vermoor oor sy bekering tot Christenskap, het hy gebid, "Here, U het my gekies, red my nou asseblief!"

Hy sê dat hy "vervolg was, maar nooit alleen nie" omdat die Here sy pa se hart aangeraak het sodat hy sy ander kinders gesmeek het om Mohd nie te vermoor nie.

Vandag werk Mohd saam met Geopende Deure om vervolgte Christene te help. Sy familie mag hom verstoot het, maar hy weet dat waar hy ook al gaan, het hy steeds "sy broers en susters in Christus." Ons het hom 'n paar vrae gevra:

### Mohd, hoe het vervolging verander in Suidoos-Asië?

Omdat meer mense hulself tot Christus keer, neem die vervolging toe. Baie steek hul geloof weg om die vervolging te vermy.

### Watter soort vervolging ervaar mans in jou streek?

#### Baie ervaar:

- Isolاسie van families.
- Die verlies van hul werk (meeste gelowiges leef in armoede en doen stukwerk omdat hulle nie werk kry as Christene nie).
- Die vervolging van hul kinders.
- Mense wat probeer om hul huise te vernietig of hul grond te vat.
- Die aflê van valse aanklagtes by die polisie.

### Hoe kan ons vir jou bid?

Bid dat God meer mense sal oprig om te evangeliseer en vir hulle om nie bang te wees nie. Bid ook vir die beskerming van evangeliste en eenheid onder die kerke.

\*Naam verander vir sekuriteitsredes.






# Help hulle om te weet dat jy by hulle staan

Dís hoekom hierdie vervolgte mans, vroue en kinders nou jou ondersteuning benodig!

Daar is ongeveer **2,5 miljard\*\*** Christene wêreldwyd en meer as **245 miljoen** Christene ervaar "hoë" vlakke van vervolging vir hul geloof.




## Waar Christene in die grootste gevaar verkeer^:



Sluit asseblief by ons aan in gebed en ondersteuning oor die volgende drie maande gedurende ons *Nooit Alleen*-veldtog, terwyl ons, saam, bly poog om ons familie in Christus te bereik wat kwesbaar is omdat hulle gekies het om Jesus te volg.

Oorweeg dit asseblief biddend om Christene in die grootste gevaar te ondersteun deur die *Nooit Alleen*-veldtog se doelwit van R10,872,000 te help bereik.



\*Alle statistieke en syfers is gebaseer op die 2019 Wêreldwaarnemingslys en Geslag-bepaalde Godsdienstige Vervolgingsverslag.

\*\*Bron: Johnson, T. M., en G. A. Zurlo, red. *World Christian Database*. Leiden/Boston: Brill, toegang verkry Januarie 2018.

^Statistieke sluit top 50 plus Geopende Deure se lys van Vervolging-Waarnemingslande in.

## Vervolging van mans:

- Weiering van sekere werk
- Uitbuiting of mishandeling deur werkgewer
- Verstoting (in gebiede waar hulle van hul gemeenskap afhanklik is vir oorlewing)
- Fisieke geweld
- Tronkstraf
- Burgermag/militêre opkommandering



## Vervolging van kinders:

- Meisies: gedwonge huwelike, verkragting, huisarres, en selfs moord
- Seuns: burgermag/militêre opkommandering as h' wapen van godsdienstige vervolging
- Afknouery deur ander nie-Christen kinders en selfs onderwysers
- Toekenning van laer punte by die skool oor geloof
- Fisieke geweld
- Getuies tot geliefdes se arrestasie of moord vir hul geloof
- Getuies tot die vervolging van ouers
- Wees agtergelaat



## Vervolging van vroue:

- Gebrek aan toegang tot onderrig
- Gebrek aan gesondheidsorg of infrastruktuur
- Gedwonge egskending
- Reisverbod
- Mensehandel
- Weduweeskap
- Opsluiting in 'n psigiatriese eenheid
- Gedwonge abortsies en voorbehoeding
- Weiering van toegang tot werk of die keuse van 'n Christelike eggenoot



# VANUIT JAN SE PERSPEKTIEF

Beste vennoot van die vervolgte Kerk,

Ek het groot geword gedurende 'n tyd wat daar geglo is dat "seuns nie huil nie". 'n Tyd toe mans die antwoorde moes hê of moes rigting gee gedurende moeilike tye.

Daar was tye in my lewe wat ek hieroor wou weghardloop, omdat ek nie al die antwoorde of rigting gehad het nie. Op 'n dag het die Here manne van God gestuur om my hoop te gee en weer sin te maak van alles. My hoop is herstel deur die Heilige Gees wat deur hierdie mans gewerk het.

Toe ek onlangs videomateriaal van Homs en Aleppo in Sirië gesien het en die totale verwoesting, het ek gewonder:

*Wat doen 'n pa wat na sy gesin moet omsien nadat hy alles verloor het?*

Dis is hoekom ek so geïnspireerd en bemoedig is deur pastoor Abdallah en ander Christene wat die moeilike keuse gemaak het om te bly en diegene in desperate nood te help.

Dis mense soos hy – en groothartige vriende soos jy – wat help om hoop te gee en ons broers en susters herinner dat hulle nie alleen is nie!

Dus, vir die volgende drie maande sal ons daarop fokus om hoop te gee aan ons broers en suster in die grootste gevaar en hulle herinner dat al word hulle vervolgt, hulle nooit alleen is nie.

Wanneer jy by die *Nooit Alleen*-veldtog aansluit sal jy help met die voorsiening van broodnodige praktiese hulp en finansiële ondersteuning, en jy sal 'n stem wees vir diegene wat vervolgt word oor hul geloof in Jesus Christus.

Jou ondersteuning sal help om ons vervolgte familie te anker in plekke soos Sirië en die verste uithoeke, sodat hulle, en die toekomstige generasie van die Kerk kan voortgaan om ander na Christus te lei, ongeag wat.

Laat ons dus langs hulle staan terwyl hulle opstaan vir Jesus in plekke waar hulle geïsoleer en verstoot word. Kom ons bewys aan hulle: "*Julle is nie alleen nie.*"

Saam in Sy diens,

Jan Gouws  
Uitvoerende Direkteur  
Geopende Deure Suider-Afrika



Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

F +27 11 888 9362

E [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org)

I [www.opendoors.org.za](http://www.opendoors.org.za)



Open Doors South Africa

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors, ABSA - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**  
**Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552**

Bankbesonderhede: Namibië, **Open Doors Namibia, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**

(Faks asseblief die bewys van betaling na: +27 11 888 9362)

Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.

Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandrè by [milandre@od.org](mailto:milandreh@od.org)

REG # 2004/023397/08 | **Drukwerk deur Resolution Litho**